# WEGRAPING VAN DIE BRUID

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.
**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie van "Die Wederkoms" en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

**In hierdie lesing word behandel:**

- **A. Die Bruid**
- **B. Die Wegraping**
- **C. Die Huwelikseremonie**

-o0o-

**Daniël 12:3 En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos**

**Matthéüs 13:43 Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om hoor, laat hom hoor.**

**Openbaring 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.**
**Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**
**Open 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.**

**Hebreërs 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het.**
**Heb 13:21 Julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen**

**1 Korinthiërs 15:50 Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie**

**Johannes 16:7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;**
**Joh 16:8 en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:**

**-o0o-**

Ek voel baie sterk in my hart om hierdie kosbare twee onderwerpe, naamlik die "**Wegraping van die Bruid**" en die "**Wederkoms van Christus Jesus**" en wat in hierdie laaste dae moet gebeur met julle te bespreek. Ek ontvang baie navrae van mense nie wat dit nie verstaan nie, die tydlyne en hoe alles inmekaar pas in die

laaste dae van nou af. Bestudeer dit sodat julle presies kan verstaan en weet wat lê voor. Daar is soveel dwalinge rondom dit alles. Slaan dit in jou Bybel na en kyk of ek die waarheid praat.

In die verlede het ek baie geluister na die onkunde en die verwarring wat heers tussen hierdie twee onderwerpe. Baie glo net in die een en baie glo in niks. Die wegraping en wederkoms is verseker skriftuurlik. Nogtans gaan ek poog om dit na die beste van my vermoë met jou te deel soos wat die Woord van God dit sê en soos wat die Heilige Gees dit aan my openbaar het.
Ons moet ook verstaan wie is die (a) Bruid en (b) wat is die doel van die Trooster, die Heilige Gees.

## 1. HEILIGES SAL SKYN

In die eerste plek wil ek julle neem na wat die Here vir my gesê het van "die Heiliges wat sal skyn".

**Daniël 12:3 En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.**

**Die verstandiges is hulle wat wys was om die Here te vrees en Sy wil te doen**. Ek het reeds 'n reeks leringe uitgegee rondom wat "Wysheid" is. (Lesings Wysheid 1-6). **Die verstandiges, sal skitter en uitstaan**.

Ons moet net een ding onthou en ek het dit al soveel keer gesê:

> D*ie mentaliteit dat alles rondom **my** moet gaan, moet ons heeltemal uit ons gedagtes kry*. *Solank jy nog net bid vir jou eie behoeftes, kan ek nou vir jou sê, het jy nog 'n kind mentaliteit en nie 'n volwasse mentaliteit nie*.

'n Kind wil net alles hê, maar 'n Bruid, 'n moeder, wil soog. Sy wil dit wat in haar is uitgee, sodat ander dit kan geniet. Dit is die El Shaddai (Lord God Almighty) eienskap van God die Vader, wat Hy in die vrou, die Bruid geïmplementeer het. Die Here praat eintlik hier van die Bruid van Christus Jesus. In plaas daarvan dat daar geskryf is "*En die verstandiges"* kon daar net sowel gestaan het "en die Bruid".

**Matthéüs 13:43 Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om hoor, laat hom hoor.**

Volgens hierdie vers sal die Bruid eers in die koninkryk van ons Vader skitter, nie op die aarde nie. Daar sal ons soos lig wees. Ons sal daar skyn en blink soos die son en die sterre, nie op aarde nie.

## 2. BRUID

Nou wil ek eers vra wie is die Bruid?

Die Here Jesus het hierdie saak baie duidelik gestel. Daar is 'n pad wat die Bruid moet loop. (In ons Vrymakingskursus behandel ek dit in 'n 2-uur lange les). Die Woord maak geen onderskeid tussen die man of vrou in die sin van "Bruid" nie. **Geestelik word ons, manlik en vroulik, as Bruid beskou.** Derhalwe, "Bruid" is die bloedgewasde gelowiges van die Here Jesus Christus wie in Hom glo. Die Bybel wys vir ons baie duidelik wie en wat die Bruid is.

Ons kan die Bruid identifiseer deur die gelykenis wat Jesus vertel van die tien maagde (Matthéüs 25).

- Al tien was maagde
- Vyf was dwaas en vyf was wys
- Al tien het aan die slaap geraak

Daar was geen verskil tussen die tien nie, behalwe dat die vyf wyse maagde genoeg olie gehad het. Die wyse maagde was voorbereid. Hulle het die pad geloop wat hulle moes loop, daarom het hulle gesorg dat hulle lampies brand.

--o0o--

## 3. <u>TROOSTER</u> (Heilige Gees)

Onthou net, die wegraping (rapture) is eintlik nie ons wat weggeraap word nie. <u>Dit is net die krag van die Heilige Gees wat terugkeer na die Godheid toe.</u>

**Johannes 16:7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;**
**Joh 16:8 en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:**

Jesus het vir sy dissipels gesê: *Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie.* Hy sou die Vader bid dat Hy vir hulle die Trooster stuur, die Gees van wysheid wat hulle sou leer. Die Trooster moes hulle <u>transformeer</u> om Hom, die Woord (Jesus Christus), aan hulle te openbaar, sodat hulle meer soos Hy kon lyk en, dat wanneer Hy kom, hulle met Hom <u>**een**</u> kon word. *Hy, (Jesus) het Sy Godheid by Sy Vader gelos om <u>soos hulle</u> menslik te word op aarde, sodat Hy vir hulle die pad terug na God die Vader, kon <u>oopmaak</u>.*

- Hulle kon nie in hulle aardse liggame met Hom een word nie, want Hy moes teruggaan na Sy Vader toe, omdat Hy Sy Godheid daar gelos het.
- Hy het die eersgebore kanaal oopgemaak, sodat ons kon volg.

Soos Hy vir Josua gesê het, het hulle nie die pad ken nie. Hulle het nie gister en eergister daarlangs getrek nie, en Hy sou hulle lei (Josua 3). <u>Sy Heilige Gees sou hulle transformeer, vorm, maak en kap</u>. Onthou, die stene van die tempel is nie naby die tempel gekap nie, dit is op die aarde gekap (1 Konings 6:7). Die tempel is ‘n heenwysing na ons <u>eenwording met Christus wat in die hemel sal plaasvind</u>. Eers in die koninkryk van ons Vader, sal ons met daardie eer in die heerlikheid beklee word.

Dit is ‘n mondvol, maar julle moet maar hierdie leringe stelselmatig deurwerk. Studeer dit stukkie vir stukkie soos wat jy ‘n broodjie happie vir happie eet.

## 4. <u>RUT</u> *(Bestudeer die boek Rut)*

Daar is net een kenteken aan wie die Bruid is en dit gaan oor die <u>olie, die krag van die Heilige Gees</u>. Sy is Rut, want sy het gefunksioneer en het nie ledig gesit nie. Sy was heeldag besig om are op te tel op die lande van Boas. Die verklaring wat die maaiers oor Rut gegee het was, dat sy heeldag gewerk het op die lande. Sy het nie in die huis gesit nie, sy was ‘n deugsame vrou. Dit was die proklamasie wat Boas oor haar (Rut) gemaak het. Boas het vir haar gesê: *Jy is ‘n deugsame vrou en daarom wil ek hê jy moet op my lande werk en are optel (Rut 3). Jy is die moeite werd om ‘n vrou van my te word, want jy sit nie ledig op die markplein nie, jy is besig om te arbei.*

Daardie <u>funksionering</u> is die **verstandiges** *wat baie tot regverdigheid lei*. Jy kan slegs met die <u>krag van die Heilige Gees</u> funksioneer. Met ander woorde, jou lampie moet brand, sodat die lig, die vuur en die krag van die Heilige Gees uit en deur jou funksioneer, sodat almal Christus, deur jou lewe kan leer ken. Sodra jy getransformeer is, is jy ‘n toonbeeld van Christus Jesus.

- Jy is ‘n volwasse vrou wat in ‘n verbond staan
- Jy is reg vir liefde
- Jy kan saad ontvang
- Jy kan voortbring (baar).

**Eségiël 16:7 Ontelbaar, soos die uitspruitsels van die veld, het Ek jou gemaak! En jy het gegroei en groot geword en die hoogste bloei bereik; jou borste het styf geword, en jou hare het gegroei, maar jy was naak en bloot.**

In Eségiël 16 word dit baie duidelik gestel dat daar ‘n tyd was van voorbereiding en groei tot volwassenheid, voordat God gesien het dat Israel reg was.

--o0o-

- Dit was die tyd van liefde
- Jy mag alleenlik in 'n verbond saad ontvang
- **Buitekant 'n verbond is dit hoerery**

Die saad wat jy ontvang sal die vrug voortbring van die identiteit en die persoonlikheid van die Bruidegom wie se saad in jou gedeponeer is.

- Dit wat in Sy bloed geskryf is, sal jy voortbring.
- Dit sal die lewe gee, want **die lewe is in die bloed**.
- Die lewe is nie sommer net in 'n liggaam nie.

Die Liggaam is liggaam omdat daar bloed in is en die bloed is **lewende bloed** omdat dit in die liggaam is. Jy kan die twee nie skei nie.

**1 Johannes 5:7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;**
**1 Joh 5:8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is Eenstemmig**

Dit is waarom ons vandag die lewende getuies is. Daardie Gees, water en bloed is in die liggaam. Dit is in Sy Bruid, in Sy liggaam. Ons is in Sy dood gedoop. Dit is Sy bloed wat ons lewend gemaak het, want ons het nie bloed nie. Ons bloed was sondig. Dit gaan oor die 5 wyse maagde wat gefunksioneer het met die krag van die Heilige Gees. Dit is die Bruid *wat baie tot regverdigheid lei*. Sy het kinders voortgebring.

# BRUID

**Openbaring 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.**
**Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**
**Open 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.**

**Hebreërs 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het.**
**Heb 13:21 Julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid!**

**1 Korinthiërs 15:50 Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.**

## 1. IDENTITEIT VAN DIE BRUID

Wat is die identiteit van die 5 wyse maagde?
Hoe lyk die Bruid van Christus Jesus regtig? Wat sê die Bybel vir ons?

**Openbaring 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.**

--o0o--

Die Bruid het haarself gereed gemaak. Die Vader het vir ons die Heilige Gees gegee om ons te help en om ons te transformeer. Hy het vir ons die krag van die Heilige Gees gegee om deur ons te verwek en deur ons lewe te gee, want Hy is die Gees van die lewe.

**Openbaring 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**

Die vrou het 'n opdrag om haarself te versier.
Niemand anders gaan haar versier nie.
Die Vader of die Bruidegom gaan haar nie versier nie.

Hierdie Bruid van Christus het op 'n stadium gekom waar sy getransformeer is deur die Heilige Gees. *Sy is getransformeer na die oorspronklike persoonlikheid wat die Vader vir haar beplan het met die grondlegging van die wêreld.* Noudat sy volwassenheid bereik het, kan sy saad ontvang en die saad in vrug voortsit. Sy kan lewe voortbring (baar) want sy is nou 'n volwasse vrou. Sy is nou waardig om Bruid te wees en kan bevrug word deur die liefde van die Bruidegom. Die Bybel sê vir ons, daardie fyn linne wat in haar gegee is, is die regverdige dade van die heiliges.

- Sy kan ander na die Here lei
- Sy kan kinders van God verwek.

Ek wil jou net waarsku: Pasop wat jy doen en wat jy sê vir kinders van die Here. Die Here sê in Sy Woord, dat as jy vir die geringste van Sy huis 'n glas water gee, dan gee jy dit vir Christus Homself. So min soos 'n glas water, word vir jou gereken tot geregtigheid. Die groot probleem, is dat as jy 'n kind mentaliteit het, wil jy nog net hê en die Here moet net aan jou voorsien.

Sodra jy geestelike volwassenheid bereik het, is dit dan in jou wese geïmplementeer.
Jy het dan die boodskap draer van Christus Jesus geword om

- **te gee,**
- **te saai en**
- **voort te bring**. Dit wat in my ingesit is, wil ek vrug aan gee, sodat die Vader verheerlik word.

Daar is **drie eienskappe** waarom ons die mentaliteit van Christus Jesus onse Here, moet bereik.

- Sodat die koninkryk van God wat op aarde gevestig moet word, uitgebrei word.
- Sodat die liggaam van Christus Jesus opgebou word en ons vir ander ook die geleenthede kan gee, wat ons gekry het.
- Sodat dit wat ons hier op aarde doen, die Vader sal verheerlik.

## 2. BRUILOFSMAAL

**Openbaring 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.**

Mense, hier wil ek net so 'n tydjie stilstaan.
In die eerste plek wil ek vir jou vra. Wat het jy gedoen met dit wat God vir jou gegee het om mee te doen?

**Hebreërs 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,**
**Heb 13:21 Julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid!**

Die Bybel is baie duidelik in hierdie verse, dat God vir ons alles gegee het wat ons nodig het *om Sy wil te doen.* (Heb 13:21)

Die volgende koninkryke kan gebou word:

--o0o--

- In die **eerste plek** kan jy bou op die Koninkryk van die Vader. Christus het aarde toe gekom om die koninkryke van die Hemele aarde toe te bring, sodat ons die koninkryk van God op aarde kan vestig.

- In die **tweede plek** kan jy bou op die koninkryk van die duisternis. Jy kan bou op die koninkryk van die vlees en dan gaan dit net om jou. Jy wil niks uitgee nie, want dit is jou goed en jou belange en alles gaan oor jou. Dit is waar mense net skatte najaag. Dit is waarom Christus gesê het, dat ons nie vir ons skatte op aarde moet bymekaar maak waar mot en roes dit kan verniel nie, maar ons moet belê in die ewigheid.

**Die enigste ding wat jy ewigheid toe kan vat, is siele.** Dit wat God vir jou gee hier op aarde soos geld, tyd ensovoorts, kan gebruik word om die koninkryk van God uit te brei.

- Mense kan dan die Here verheerlik, omdat jou lewe hulle paaie gekruis het;
- Jy word die openbaring van Christus vir mense;
- Die mense kan dan die Here begin aanneem en Hom dien, as gevolg van die liefde, die omgee en goeie dade.

Dit is waarom die Bybel praat van die **regverdige dade van die heiliges** wat die rein fyn blink linne is van die heiliges.

Nou wil ek vir jou dit vra:

- **Net jy** kan vandag sê hoe jou lewe met die Here staan.
- Wat is jy **besig om te doen**, met dit wat God in jou hande geplaas het om te doen?
- **Is jy** regtig Bruid of is jy nie Bruid nie?

As jy nie seker is nie, moet ons seker maak dat jy in 'n plek kom waar die Here deur jou kan funksioneer. Bestudeer die hele hoofstuk van Lukas 21, dan sal jy sien dat jy jouself moet neerlê. Jy moet sterf, sodat Christus alles kan word in jou lewe (Romeine 8).

Dit wat sommige mense glo dat almal hemel toe sal gaan, is nie waar nie.

## 3. REBEKKA

Een van die vroue wat die Here in die Woord gebruik om vir ons die openbaring van die Bruid te gee, is Rebekka.

**Genesis 24:2 Toe sê Abraham aan sy dienaar, die oudste van sy huis wat die opsig gehad het oor al sy goed: Lê tog jou hand onder my heup**
**Gen 24:4 maar dat jy na my land en my familie sal gaan om vir my seun Isak 'n vrou te neem.**
**Gen 24:7 Die HERE, die God van die hemel, wat my uit my vader se huis en uit my geboorteland weggeneem het, en wat met my gespreek en vir my gesweer het met die woorde: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee—Hy sal sy engel voor jou uit stuur, en jy moet vir my seun daar 'n vrou gaan haal.**

- Eliëser is 'n tipe van die Heilige Gees.
- Abraham is 'n tipe van die Vader.

Vader stuur Sy Heilige Gees uit en sê dat hy vir sy die seun, die seun van die belofte, Isak, 'n bruid moet gaan soek. Dan kom Eliëser en Hy sê "moenie hier soek nie, gaan na ons mense". Met ander woorde, hulle moet na die kinders van die Here gaan - na hulle wat dieselfde lyk.

- dieselfde gees
- dieselfde bloed
- dieselfde identiteit

Eliëser kom by die put. Daar is een put, maar baie diensmeisies. Hoe sal hy weet dat dit sy is? Hy sal vir haar vra om vir hom water te gee en dan sal sy, sy nood raaksien. Sy sal dan sê *"Ek sal nie net vir jou water gee nie, maar ek sal ook vir jou kamele water gee"*. Dan kom Rebekka. Rebekka is daar om die behoeftes

--o0o-

van haar huisgesin te volbring, maar sy stel nie daarin belang nie en die oomblik as sy hom sien dan reageer sy en hy vra vir haar water. Sy sê dan "ek sal nie net vir jou gee nie, maar ek sal ook vir jou kamele gee".

- Iets baie besonders gebeur dan. Rebekka daal af in die put, met ander woorde, sy het gesterf, sy het niks geword. Sy kom dan op met die kruik water op haar skouer.
  - Die Bruid van Christus Jesus, Rebekka, is die draer van die Rhema Woord. Sy is die een wat die outoriteit en gesag het om te sê *"In die naam van Jesus, my Bruidegom. Ek het die reg om Sy naam te gebruik, want ek is in 'n verbond met Hom. Ek het* ***<u>een</u>*** *geword met Hom. Ek is een met Hom gevestig. Die gees wat in Hom is, is ook in my."*

As die Gees van God wat Jesus opgewek het in julle woon, kan daar nie 'n ander gees wees nie. (Rom. 8:11) Ons moet dan dieselfde identiteit, dieselfde DNA dra.

- Dan moet ons dieselfde persoonlikheid dra.
- Dan moet ons dieselfde doel hê.
- Ons moet dieselfde wese hê.

Dit is alleenlik om die wil van die Vader hier op aarde te kom doen en te kom uitreik, want ons loon lê nie hier nie, ons loon lê aan die anderkant.

# <u>WEGRAPING</u>

So nou wie word weggeraap?

Nie al die diensmeisies nie, net een diensmeisie, want dit was juis die probleem. Daar was baie diensmeisies, daar was een put en een stroom water, maar net Rebekka het die nood van die Heilige Gees raakgesien. Sy het gesê *"ek sal die wil van die Here doen. Ek sal die nood van die Heilige Gees raaksien en ek sal reageer, maar ek sal nie net doen wat van my gevra word nie, ek sal so 'n stappie verder gaan en ek sal die behoeftes vervu*l". (Génesis 24)

Dit is presies waar Openbaring 19 inkom wat sê dat dit die regverdige dade van die heiliges is, wat gemaak het dat sy Bruid is. Rebekka is Bruid vir een rede en dit is omdat sy meer gedoen het as wat van haar verwag is. Die Bruid doen nie net wat van haar verwag word nie, maar meer.

Ek wil net eers 2 gedeeltes met julle deel.

**1 Korinthiërs 15:50 Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.**

Dit is hier waar baie mense klei trap, want onthou, Christus moet nog **twee keer** kom.

- Hy moet kom om <u>Sy Bruid te kom haal</u> maar
- dan moet Hy terugkom aarde toe om <u>Sy koninkryk op aarde te vestig</u>, met Sy Bruid.
  - Die **eerste keer** wanneer Hy kom, sal net Sy Bruid Hom erken en weet wie Hy is, want sy het 'n persoonlike verhouding met Hom. Dit is presies dieselfde soos met 'n man en vrou. Daar kan duisende vrouens wees, maar niemand sal weet wie sy is behalwe die Bruidegom homself nie en niemand sal weet wie die Bruidegom is behalwe die Bruid nie.

As ek vandag tussen 'n miljoen vrouens op aarde sit, sal dit net my vrou wees wat my herken.

- Sy is in 'n verhouding met my.
- Sy staan in 'n verbond met my.
- Sy het een met my geword.

Net die bruid sal Hom herken. Net die Bruid sal weet wie Hy is.

--o0o-

**1 Korinthiërs 15:50 Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.**
**1 Kor 15:51 Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,**
**1 Kor 15:52 in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.**
**1 Kor 15:53 Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.**
**1 Kor 15:54 En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.**

**1Thessalonicense 4:13 Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.**
**1 Thes 4:14 Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.**
**1 Thes 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.**
**1 Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.**
**1 Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.**
**1 Thes 4:18 Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.**

1 Korinthiërs 15 is 'n fenomenale hoofstuk want dit handel oor die **Opstanding**. Ek put soveel vreugde daaruit as ek hierdie hoofstuk lees. Bestudeer dit gerus intens.

- Jy moet dit verstaan
- Jy moet dit lewe
- Dit moet deel word van jou lewe

**1 Korinthiërs 15:50 Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.**

Die Bruid is Bruid, omdat sy (geestelik) gesterf het.

- Sy het gesterf vir haar eie behoeftes
- Sy het gesterf vir haar eie aansien
- Sy het gesterf vir die vleeslike dinge

Dit is waarom die Here Jesus gesê het dat jy jouself moet verloën, jou kruis moet opneem en Hom volg (Matthéüs 16:24). Dit wat vir jou belangrik is, is nie vir die Here belangrik nie, en dit wat vir Hom belangrik is, is veel beter en dit moet vinnig vir jou belangrik word. Vlees en bloed kan die koninkryk van God nie beërwe nie. Dit is waarom jy moet sterf. Die geestelike simboliek van Rebekka het afgedaal in die put en gesterf. Sy het haarself begrawe.

**Romeine 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.**

**1 Korinthiërs 15:51 Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,**

'n Mens moet die dood verstaan. Elke mens op aarde is veronderstel om twee keer te sterf.

--o0o-

**Dood beteken skeiding**.

- Die eerste dood is 'n fisiese dood, soos wat ons hier op aarde ken, sodra iemand die lewe verlaat. Daar vind skeiding plaas deurdat sy gees sy liggaam verlaat.
- Die tweede dood, volgens die boek Openbaring, is die skeiding voor God se aangesig.

## 1. DIE AFSTERF VAN "SELF"

Omdat die Bruid gekies het om haar lewe neer te lê, te sterf en haarself te verloën, het die Bloed van die Bruidegom ingekom. Die bloed, die lewe, die identiteit en persoonlikheid van die Bruidegom het van haar 'n lewende skepsel gemaak. Dit is waarom Paulus gesê het dat hy nie meer leef nie, maar Christus Jesus leef in hom (Galásiërs 2:20). Sodra ek beweer ek is 'n kind van God, dan moet ek die **eienskappe** en die **DNA** van die persoonlikheid besit, wat God vanuit die Hemel na die aarde toe gegee het.

Hy het dit gegee om ons deel te maak van:

- Sy lewe
- Sy kinders
- Sy koninkryk
- Sy ewige raadsplan

i) Ons kan nie die ewigheid beërwe as ons 'n vleeslike raadsplan volg nie. Die Bybel stel dit duidelik, ons het die Heilige Gees nodig om ons te transformeer:
   - sodat ons meer soos Christus kan lyk,
   - sodat ons meer soos die persoonlikheid kan lyk wat God vir ons beplan.

ii) Sodra ons dit bereik het, kan ons begin voortbring (baar). Die Here kan Homself deur ons begin openbaar:
   - Ons dra dan Sy naam
   - Ons kan dan Sy persoonlikheid uitdra teenoor die mense
   - Ek leef nie meer nie maar Hy lewe in my
   - Hy funksioneer deur my.

Ek het nou geweldig baie gesê, maar jy moet gerus 1 Korinthiërs 15 deeglik bestudeer en deurwerk.

## 2. VERHEERLIKTE LIGGAAM

**1 Korinthiërs 15:52 in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.**

Die dag wanneer die wegraping plaasvind, gaan ons nie almal dood wees nie. Die Bybel sê ons sal nie almal ontslaap nie, maar ons sal wel verander word *in 'n oomblik, in 'n oogwink* se tyd. Blykbaar is 'n oogwink die 11de van 'n sekonde. So vinnig sal die Bruid van Christus Jesus verander word van die verganklike na die onverganklike.

**1 Korinthiërs 15:53 Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.**
**1 Kor 15:54 En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.**

i) Ons sal verheerlikte liggame kry.
ii) Daardie liggaam wat dan reg is om Christus te ontmoet, sal verander word deur die Heilige Gees en dan sal ons Christus tegemoet gaan in die lug.

--o0o-

iii) Hy sal met die dooies wat in Christus gesterf het, se gees, wat die wolke van getuienis is, afkom. *Hy gaan nie op wolke kom nie, maar **met** die wolke van getuienisse afkom*. (Openbaring 1:7)
iv) Daardie geeste wat in Christus gesterf het se liggame sal dan opstaan en met hulle verenig word en daarna sal hulle by die Here wees.
v) Nie almal van hulle is Bruid nie, die ander is bruilofsgaste.
vi) Die Bruid word weggevat, sy word verander en dan gaan sy die Here tegemoet in die lug.

## 3. WAT GEBEUR WANNEER GELOWIGES STERF

**1 Thessalonicense 4:13 Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.**
**1 Thes 4:14 Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.**

Jy sien, hier staan dit geskrywe dat hulle saam met Christus terugkom.
Nou sê dit ook vir julle waar gaan 'n gelowige wanneer hy sterf.
- Wanneer sy gees sy liggaam verlaat, gaan hy na die Here toe, hy gaan nie doderyk toe nie.

Hy gaan na die Here toe, want hy volg die geboorte kanaal, daarom kan Christus hom (die ontslapene) ***saam met Hom bring.***

## 4. BRUILOFSGASTE

i) Dit is die mense wie in Christus gesterf het tot en met die Wegraping maar **nie** hulle roepings vervul het nie.
ii) Hulle het wel Jesus Christus aanvaar as hulle Verlosser en Saligmaker.
   - Ek en jy kan nie oordeel nie, byvoorbeeld wat van die rower aan die kruis? Ons weet nie wat hy alles moes gedoen het nie, maar hy is nou Bruid.
iii) Die Bruilofsgaste wie nie die roeping vervul het nie, maar wel in Christus gesterf het, sal terugkom met Christus met die Wegraping. Hulle sal wel by die Bruilof in die hemel wees, maar as Bruilofsgaste.
   - Jesus het baie gelykenisse vertel van die bruilof en die bruilofsgaste. Dit is ook waar die een inkom van die persoon wie nie die kleed gehad het nie (Matthéüs 22:12).
iv ) **Die Bruid is die Bruid,** die bruilofsgaste is egter diegene wie nie die roeping vervul het nie, maar tog gered is, wat gesterf het, wat in Christus Jesus is wie sal terugkom saam met Hom. Maar van daardie mense is Bruid, byvoorbeeld Paulus en ons eie geliefdes wie die roeping vervul het. Dit is waarom Jesus agterna die Bruid aan die Vader sal voorstel.
v) Die **Bruid is hulle wat die wil van God gedoen het en daardie roeping vervul het** - die boek wat oor hulle lewens geskryf is voor die grondlegging van die wêreld, klaar vervul het.
vii) Die **Bruilofskleed** is die **weerkaatsing en getuienis van die heerlikheid van God**. Gaan kyk na die lesing oor die ***"Engele skyn"*** *(*MZM Webwerf) *,* die heiliges sal skyn, dan is daar een wat sal inkom en nie 'n kleed sal hê nie. Die Bybel verwys daardie persoon word na die buitenste duisternis weg verdryf (Matthéüs 22:11). Hy is soos Lucifer. Hy absorbeer vir homself die vlees. Dit is mense wie nie regtig die Here uitgelewe het nie

## 5. VERHEERLIKTE LIGGAAM

**1 Thessalonicense 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.**
**1 Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.**

--o0o-

Met die wegraping gaan Christus Jesus kom om Sy Bruid te kom haal, maar dit is nie al wat Hy gaan doen nie. Hy gaan ook die wat in Hom ontslaap het, soos die Woord sê, saam met Hom bring. Hulle geeste wat ewig lewend by Hom is, sal Hy saam met Hom bring, sodat hulle liggame kan verenig word met hulle geeste. Hulle sal dan dieselfde verheerlikte liggame kan hê as wat Christus gehad het, nadat Hy opgestaan het.

Maar nou sê hy: ***Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep*** (1 Thes. 4:16). Baie huwelike kan vir jou vertel dat egpare 'n besonderse roepstemmetjie vir mekaar het. My vrou sal byvoorbeeld net 'n tipe fluit gee, dan weet ek sy roep my. Ek het ook gehoor dat 'n man net 'n sekere geluid maak dan reageer die vrou op die man se roep. So wie ken die Bruidegom se stem? Net die Bruid.

Ek het 'n lering gegee oor die fluit wat Hy vir Sy bruid gee volgens Jesaja 5. Hy het gefluit vir 'n volkie daar aan die einde van die aarde.

- Daardie volk is Sy volk.
- Dit is Sy koninkryk.
- Dit is hulle wat in sy dood gedoop is.
- Dit is hulle wat die evangelie verder gevat het.
- Dit is hulle wat Sy taal, Sy lewe, Sy DNA, Sy **alles** is.

## 6. ONTMOETING IN DIE LUG

**1 Thessalonicense 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.**

Hier is die sleutel. *Dit is waarom die Wedergeboorte en Wegraping nie dieselfde ding is nie*. Hier ontmoet die Here Jesus Christus, as die Bruidegom, die Bruid in die lug. Die Bybel is baie duidelik daaromtrent dat ons die Here tegemoet sal gaan in die lug. Ons sal verander word. Die dood het 'n houvas op die verganklike, daarom sal die verganklike in 'n **oogwink** verander word na die onverganklike.

- Ons moet die dood afskud, sodat die dood nie meer 'n houvas op ons kan hê nie,
- Ons kry 'n verheerlikte liggaam
- Met 'n verheerlikte liggaam sal ons dan **een** kan word met die Bruidegom.

Die Bybel sê ***en so sal ons altyd by die Here wees.*** Van daardie oomblik dat ons **een** geword het met Hom in die lug, sal ons nooit ooit weer tot in ewigheid van Hom geskei word nie. Dit is 'n samesmelting soos 'n eenheid, want een is een. Die mense wat die huwelike verstaan, sal begryp wat ek bedoel. Daar is nie twee in 'n huwelik nie. Dit is net een, want die Bybel sê die man sal sy ouers se huis verlaat en hulle sal een vlees word. Dit is die eenwording. (Matthéüs 19:5)

## 7. MARANÁTA!

**1 Thessalonicense 4:18 Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.**

Maranáta! (1 Kor 16:22) Die Here kom ons haal!

Dit is waarom ons mekaar moet groet met die woorde "Maranáta! Die Here kom". Ons moet uitsien daarna. Ons moet met blye harte uitsien na die wegraping en na die eenwording met die Bruidegom. Ons sal dan hierdie aarde en al sy vuilheid, onreinheid, peste en ellendes afskud. Ons sal dit eenkant los en weggeraap word.

## 8. WAAROM MOET DAAR 'N WEGRAPING WEES?

- Hoekom gebeur dinge nie hier op die aarde nie?

--o0o-

- Wat is die rede vir die wegraping?

Die enigste rede waarom daar 'n wegraping moet plaasvind, is omdat satan mag het op hierdie aarde. Ons hoef nie vêr te soek nie. Jy kan net by jou deur uitstap dan loop jy amper in hom vas.

# HUWELIKSEREMONIE

God die Vader het 'n huwelikseremonie, 'n bruilofsmaaltyd beplan in die heiligheid, die soewereinheid, skoonheid en perfektheid van die hemel.

- Hy wil nie hê dat enigiets ooit tot in alle ewigheid moet kleef aan die reinheid van hierdie huwelik wat Hy sal bevestig nie. Daarom moet die Bruid weggeraap word.

Sy moet kom haal word van die aarde af, sodat sy in die hemel as **eenheid** met die Bruidegom deur God die Vader verklaar en saamgevoeg kan word. Die Woord sê dat wat God saamgevoeg het mag niemand skei nie (Matthéüs 19:6) en dat niks ooit tussen die Bruid en die Bruidegom sal kom nie. Die Vader self sal dan hierdie eenheid wettiglik verklaar - nie op aarde waar vloeke en peste en kwale en enigiets op die huwelik kan opklim nie, maar in die hemel waar reinheid en skoonheid en heiligheid alleen funksioneer. Daar sal geen besmetting of enige iets van hierdie aarde aan die Bruid kan kleef nie. Satan sal nooit 'n vinger kan lê om te sê "ons was daar getuie" nie. Dit is waarom die huwelikseremonie in 'n soewereine, rein, heilige plek moet plaasvind.

Ons het gesien dat die Here die Bruid gaan kom haal.

- Sy sal op die klank van Sy stem reageer.
- Die ontslapenes wat in Christus gesterf het sal eerste opstaan en sal herontmoet met hulle geeste, wat saam met die Here gaan kom.
- Ons sal die verganklike nalaat, die onsterflike aanneem en dan eers sal ons met Christus een kan word in die lug.

Dit sal die Wegraping wees!

**Lukas 17:34 Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.**
**Lukas 17:35 Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.**
**Lukas 17:36 Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.**

## A. BRUIDSGESKENK

Ons moet een ding baie mooi onthou, daar wag die grootste geskenk ooit, in die bestaan van die ewigheid. Die geskenk sal gegee word vir die persoonlikheid wat die grootste offer gebring het in alle ewigheid, die ewige verlede en ewige toekoms. Daardie Persoonlikheid wat daardie offer gebring het, is die Lam van God, Christus Jesus ons Here, ons Messias!

Hy was bereid om -

- Sy Godheid te verlaat,
- Homself te stroop van Sy Godheid,
- Aarde toe te kom as mens,
- As die vloek van die wet, te sterf op 'n kruishout

sodat Hy Sy rein skoon heilige bloed na die Vader kan vat en dit aan te bied as versoeningsoffer vir die Vader.

--o0o-

Omrede daardie bloed, het ek en jy die reg ontvang om kinders van God te word, want dit is daardie versoening wat Christus vir ons gebring het. Dit is die grootste offer wat nog ooit gebring is. Vader het vir Christus die grootste geskenk belowe en dit is om 'n Bruid te kry.

### B. VOORBEREIDING VAN DIE BRUID *(Bestudeer die boek Ester)*

Die Bruid moet haarself beklee met rein fyn linne wat die regverdige dade van die Heiliges is.

- Dit is haar eie taak.
- Dit is Ester wat haarself moet mooi maak en versier (Ester 2)
- Sy moes haarself vir ses maande lank met olies invryf.
  - Sy moet dus onder die salwing van God se Gees funksioneer, sodat wanneer sy voor die Koning kom, Hy haar kan bekroon as koningin.

Ons wat vaders is en dit kan bekostig, sou seker van ons dogter die mooiste bruid wil maak wat nog ooit bestaan het.

- Besef net die grootheid van die Vader, God Almagtig, die Alwetende, Allerheiligste.
- God word beskryf net soos wat die Woord alleen Hom kan beskrywe.
- In die volheid van Sy heerlikheid, in die volheid van Sy Almag, in die volheid van Sy Godheid.
- Hy het een geleentheid om ooit daardie volheid van Sy hele wese te kan uitlewe en Hy kan dit alleenlik uitlewe in die geskenk, wat Hy vir Sy Seun wil gee, in die vorm van die Bruid.

Onwaarskynlik het nie ek en jy of min geestelike predikers al ooit gepraat oor hoe bevoorreg ons regtig is om Bruid te kan wees nie.

- Met watter almag, prag en praal gaan die Vader in ons wese implementeer?
- Hoe gaan Hy ons versier?
- Hoe gaan Hy daardie rein fyn linne, daardie kleed van ons, borduur?
- Hoe gaan Hy ons mooi maak?

Onthou dit is die beste, die mooiste wat Hy ons bied. Dit is die enigste keer ooit in die heelal se geskiedenis dat Hy daardie Godheid van Hom, tot die volheid van Sy wese kan uitlewe. Hy kan dit alleenlik doen deur vir Sy Seun die volheid van Sy heerlikheid te gee, in die vorm van die Bruid van Christus Jesus.

Ek dink nie ons verstand kan dit verwerk nie. Ons is nie bevoeg genoeg om dit te begin verklaar nie, want dit is te diep, te groot, te wonderbaarlik. Dit is die geskenk, die Bruid, wat die Vader vir Sy Seun wil gee en vir Hom te sê *"Daar is sy, jou bruid, my Seun. Jy was vir My gehoorsaam gewees tot die dood. Jy wat bereid was om alles te doen, wat bereid was om jou Godheid te verlaat, af te daal, mens te word, gevloek te word, op die kruis vasgespyker te word, op gespuug te word. Hier is nou My loon vir jou en Ek gee vir jou die Bruid".*

Kan jy dink hoe gaan daardie Bruid regtig lyk? Dit maak my so totaal sprakeloos dat ek baie keer net voor die Here sit en ween wanneer ek daaraan dink.

- Ons het geen idee wat wys ons van die hand as ons, ons eersgebore reg verruil vir 'n pot lensiesop soos Esau gemaak het nie. (Gen 25:33)
- Daar is 'n eersgebore reg wat op ons wag en dit is die Lam van God.
- Dit is om Bruid vir die Bruidegom te wees, en dan verruil ons dit vir die wêreldse dinge, die skatte van hierdie wêreld en alles wat die wêreld so siek maak!
- Die Seun van God is ons eersgebore reg en ons verruil dit vir die aardse besittings?

Mense moet vir my kan verduidelik hoe belangrik is 'n bottel brandewyn, vloek en tekere gaan, geld en die besmette wêreldse dinge vir hulle, dat hulle dit verkies bo hul eersgebore reg, die Seun van God, Christus Jesus self, wat klaar sit en wag vir hulle. Hulle het die geleentheid om Bruid te word, nie net kinders nie, maar Bruid, dan wys hulle dit van die hand, want die prys is te hoog om te betaal. Ek kan dit nie verstaan nie. Ek kan dit regtig nie verstaan nie!

--o0o-

As jy nie vandag Bruid is nie, liewe luisteraar, wil ek jou aanbeveel, gaan sit by die Here se voete in jou binne kamer en herbesin jou lewe. As jy nie Bruid is nie, woon kursusse by.

- Dit is 'n lewensproses.
- Dit is 'n transformasie proses.
- Jy moet vry kom van die gebondenheid.

## WEES 'N DONKIE

Jy moet losgemaak word soos die donkie losgemaak is

- 'n Donkie is simboliek aan diensknegskap. Jesus Christus het Jerusalem ingekom op 'n donkie en Homself geopenbaar aan die wêreld deur diensknegskap.
- 'n Donkie vra niks nie, hy dien net sy meester. Die donkies van die barmhartige Samaritaan het 'n stukkende en gebroke mens gedra. *(Luk 10:34 Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg.)* Die barmhartige Samaritaan wat die persoon na die herberg toe geneem het, weerspieël Jesus.

Jesus het vir sy dissipels gesê dat hulle Jerusalem moet ingaan en 'n donkie moet vind waarop niemand nog gery het nie.

**Markus 11: 2 en sê vir hulle : Gaan na daardie dorp reg voor julle; en dadelik as julle daar inkom, sal julle 'n eselsvul vind wat vasgemaak is, waar geen mens op gesit het nie. Maak hom los en bring hom.**

Die donkie ***waar geen mens op gesit het nie*** simboliseer die wedergeboorte. Met wedergeboorte behoort ons aan die Meester. Ons is dan soos die donkie waarop geen stukkende en gebroke mense nog gery het nie.

- Die duiwel het ons nog nie gebruik nie
- Al ons sondes is vergewe
- Ons is nuut gewas
- Ons is nuwe skepsels in Christus Jesus.
- Die duiwel het geen houvas, geen klagte, geen besit-reg op ons nie.

**Markus 11:2 Maak hom los en bring hom**. Jy kan nog steeds gebonde wees al is jy wedergebore en moet dus vrygemaak word.

**Markus 11:3 En as iemand vir julle sê: Waarom doen julle dit? Moet julle antwoord : Die Here het Hom nodig; en dadelik sal hy hom hierheen stuur.**

Nadat die donkie vrygemaak is, is hy na die Meester geneem. Die duiwel het ons verander om soos die wêreld te lyk. Om terug te gaan na die persoonlikheid wat Vader oorspronklik vir ons beplan het, moet ons deur die volgende stappe gaan:

I. Wedergeboorte;
II. Vrymaking;
III. Na Hom toe kom;
IV. Transformasie.

Ons het nou die tema rondom die Wegraping behandel. Ons verstaan nou:

- waarom daar 'n wegraping moet wees.
- wie word weggeraap volgens die Skrifte
- hoekom en wat is die wegraping
- wat is die doel van die wegraping

--o0o-

- waarom nie op die aarde nie.
  - Daar is predikers wat vertel dat die bruilofsmaal op aarde gaan plaasvind. Dit is 'n leuen vanuit die hel. God sal nooit sy Seun en Sy Bruid laat trou in die asgate, op hierdie vervloekte aarde nie, waar die duiwel weereens 'n vinger kan wys en sê " *ek was ook daar die dag toe julle getroud is*". **Nee, nee Hy sal dit doen in die suiwerheid en die skoonheid van die hemel.**

Die Here seën elke oor wat hoor wat die gees in die gemeente sê.

-o0o-

**Mount Zion Ministries** bied gereeld kursusse aan.
Kontakbesonderhede verskyn op ons webblad.

Ons nooi u vriendelik uit na die geestelik verrykende kursusse. Koop die tyd uit en belê sodoende in jou ewigheid. Offer een jaar se vakansie op en gebruik daardie geld om 'n kursus te by te woon. Ek waarborg jou, jou hele lewe gaan anders wees.

## Kursusse wat ons aanbied:

### 1. Vrymaking en geestelike oorlogvoering

Dit kursus handel oor opregte innerlike vrymaking, nie van demone uitdryf nie.
Vrymaking is 'n lewensproses, 'n daaglikse vrymakingslewe wat 'n mens moet loop.

- Dit is om 'n lewe van belydenis te loop
- Terugvat van jou geestelike grondgebied wat jy afgestaan het
- Vernietiging van slegte saad van 'n bruidegom met wie 'n kompromie aangegaan is
- Heiligmaking
  - Sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie.
    Hebreërs. 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie.

### 2. Salwingskursus

Dit is hoe om te funksioneer met die olie en hoe om te funksioneer onder die krag van die Heilige Gees. Hierdie is 'n konsep wat mense glad nie verstaan nie. Hulle het geen idee wat is die olie nie. Hulle smeer dit aan elke ding en verwag die Here moet daarby aanpas. Nee, dit is 'n leuen. Dit is nie hoe die Here werk nie. Die Here werk net volgens Sy Woord.

-o0o-

## Skrifaanhalings in hierdie lesing

### The Parable of the Ten Virgins

**Matthéüs 25:1** Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.
Mat 25:2 En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas.
Mat 25:3 En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie.
Mat 25:4 Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem.
Mat 25:5 En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.
Mat 25:6 En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!
Mat 25:7 Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed.
Mat 25:8 En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.
Mat 25:9 Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself.
Mat 25:10 En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit.
Mat 25:11 Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop!
Mat 25:12 Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.
Mat 25:13 Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.

**Josua 3:3** en aan die volk bevel gegee en gesê: Net soos julle die verbondsark van die HERE julle God sien en die Levitiese priesters wat hom dra, moet julle van jul staanplek af opbreek en agter hom aan trek.
Jos 3:4 Maar laat daar 'n afstand van omtrent twee duisend el tussen julle en hom wees; kom nie naby hom nie; sodat julle die pad kan weet waar julle langs moet trek; want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie.

**1 Konings 6:7** En toe die huis gebou is, is dit opgetrek van klippe, kant en klaar uit die breekplek: hamers en koubeitels, enige ystergereedskap, is nie gehoor by die huis toe dit gebou is nie.

**Romeine 8:5** Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.
Rom 8:6 Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede,
Rom 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.
Rom 8:8 En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;
Rom 8:9 julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.
Rom 8:10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.
Rom 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

**Génesis 24:1** En Abraham was oud en ver op sy dae, en die HERE het Abraham in alles geseën.
Gen 24:2 Toe sê Abraham aan sy dienaar, die oudste van sy huis wat die opsig gehad het oor al sy goed: Lê tog jou hand onder my heup,
Gen 24:3 dat ek jou kan laat sweer by die HERE, die God van die hemel en die God van die aarde, dat jy vir my seun geen vrou sal neem uit die dogters van die Kanaäniete onder wie ek woon nie;
Gen 24:4 maar dat jy na my land en my familie sal gaan om vir my seun Isak 'n vrou te neem.
Gen 24:5 Toe sê die dienaar vir hom: Miskien sal die vrou my nie wil volg na hierdie land nie. Moet ek u seun dan maar terugbring in die land waaruit u weggetrek het?
Gen 24:6 En Abraham antwoord hom: Neem jou tog in ag dat jy my seun nie weer daarheen bring nie.
Gen 24:7 Die HERE, die God van die hemel, wat my uit my vader se huis en uit my geboorteland weggeneem het, en wat met my gespreek en vir my gesweer het met die woorde: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee—Hy sal sy engel voor jou uit stuur, en jy moet vir my seun daar 'n vrou gaan haal.
Gen 24:8 Maar as die vrou jou nie wil volg nie, dan is jy ontslae van hierdie eed aan my. Jy moet net my seun nie weer daarheen bring nie.
Gen 24:9 Toe lê die dienaar sy hand onder die heup van Abraham, sy heer, en hy het vir hom gesweer, met die oog op hierdie saak.
Gen 24:10 En die dienaar het tien kamele van die kamele van sy heer geneem en weggegaan met allerhande kosbare goed van sy heer by hom: hy het klaargemaak en na Mesopotámië, na die stad van Nahor, getrek.

--o0o--

Gen 24:11 En hy het die kamele laat neerkniel buitekant die stad by ‘n put, teen die aand, teen die tyd dat die vroue uitgaan om water te skep,
Gen 24:12 en gesê: HERE, God van Abraham, my heer, laat ek haar tog vandag ontmoet, en bewys guns aan Abraham, my heer.
Gen 24:13 Hier staan ek by die fontein, terwyl die dogters van die manne van die stad uitkom om water te skep.
Gen 24:14 Laat dit nou tog gebeur: as die dogter aan wie ek sal sê: Hou tog jou kruik, dat ek kan drink, antwoord: Drink, en ek sal ook u kamele laat drink—dan is sy dit wat U bestem het vir u kneg Isak, en daaraan sal ek weet dat U guns aan my heer bewys het.
Gen 24:15 Hy het nog nie klaar gespreek nie, of daar kom Rebekka uit wat vir Bétuel, die seun van Milka, die vrou van Nahor, Abraham se broer, gebore is, met haar kruik op haar skouer.
Gen 24:16 En die dogter was baie mooi van aansien, ‘n jongmeisie, en geen man het haar beken nie. En sy het afgedaal na die fontein en haar kruik volgemaak en weer opgekom.
Gen 24:17 Toe loop die dienaar haar tegemoet en sê: Laat my tog ‘n bietjie water uit jou kruik drink.
Gen 24:18 En sy antwoord: Drink, my heer! Daarop laat sy gou haar kruik op haar hand afsak en laat hom drink.
Gen 24:19 Nadat sy hom genoeg laat drink het, sê sy: Ek sal vir u kamele ook skep totdat hulle genoeg gedrink het.
Gen 24:20 Dadelik het sy toe haar kruik in die drinkbak leeggemaak en weer na die put geloop om te skep en vir al sy kamele geskep.
Gen 24:21 En die man het haar stilswyend betrag om te weet of die HERE sy weg voorspoedig gemaak het of nie.
Gen 24:22 En toe die kamele genoeg gedrink het, neem die man ‘n goue ring, ‘n halfsikkel in gewig, en twee armbande vir haar hande, tien sikkels goud in gewig.
Gen 24:23 En hy sê: Wie se dogter is jy? Vertel my tog. Is daar plek vir ons in die huis van jou vader om te vernag?
Gen 24:24 Toe antwoord sy hom: Ek is die dogter van Bétuel, die seun van Milka wat sy vir Nahor gebaar het.
Gen 24:25 Verder sê sy vir hom: Daar is ook strooi en voer in oorvloed by ons, ook plek om te vernag.
Gen 24:26 Toe buig die man hom neer en aanbid die HERE
Gen 24:27 met die woorde: Geloofd sy die HERE, die God van Abraham, my heer, wat sy goedertierenheid en sy trou aan my heer nie onttrek het nie. Wat my aangaan, die HERE het my op die weg gelei na die huis van die broers van my heer.

**Matthéüs 16:24** Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.
Mat 16:25 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.

**Galásiërs 2:19** want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe.
Gal 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

**Hebreërs 12:1** Daarom dan, terwyl ons so ‘n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê

**Openbaring 1:7** Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

**Matthéüs 22:11** En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie ‘n bruilofskleed aan het nie.
Mat 22:12 En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder ‘n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie.
Mat 22:13 Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.
Mat 22:14 Want baie is geroep, maar min uitverkies.

**Génesis 2:24** Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.

**Matthéüs 19:5** en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees;
Mat 19:6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

--o0o-

**1 Korinthiërs 6:16** Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees.
1 Kor 16:22 As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!

*Maran-atha* is a Syriac8. phrase, and signifies *The Lord cometh.*
**Maran atha.** This is the Aramaean or Syriac expression for 'Our Lord cometh;' a solemn warning that the approaching Advent of the Lord would see that dreadful curse visited upon such. See Mat 25:41, where this awful *curse* is first connected with "the Son of man *coming* in His glory" (Mat 13:41-43).

**Génesis 25:29** En Jakob het 'n kooksel klaargemaak en Esau het moeg uit die veld gekom.
Gen 25:30 Toe sê Esau vir Jakob: Laat my tog sluk van die rooigoed daar, want ek is moeg. Daarom het hulle hom Edom genoem.
Gen 25:31 En Jakob antwoord: Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my.
Gen 25:32 En Esau sê: Kyk, ek gaan sterwe, en wat baat die eersgeboortereg my dan?
Gen 25:33 Toe antwoord Jakob: Sweer eers vir my. En hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop.

**Gen 24:22 En toe die kamele genoeg gedrink het, neem die man 'n goue ring, 'n halfsikkel in gewig, en twee armbande vir haar hande, tien sikkels goud in gewig.**

**that the man took a golden earring**; out of his pocket, or out of a box or parcel that was upon the camels; it is in the margin of our Bibles, "a jewel for the forehead"; or, as some render it, a "nose jewel" (y); and so in Gen 24:47, "an earring upon her face", or "nose"; and this was a jewel that hung from the forehead upon a lace or ribbon between the eyes down upon the nose; and such the daughters of Sion wore in later times, Isa 3:21; see Eze 16:12; and nose jewels are still in use with the Levant Arabs, as Dr. Shaw (z) relates. Rauwolff (a), who travelled through Mesopotamia and the parts adjacent in 1574, says of the women in those parts that are of greater substance, and have a mind to be richer and finer in their dress, that they wear silver and gold rings in one of their nostrils, wherein are set garnets, turquoise, rubies, and pearls: and in Egypt they wear nose jewels (b) and small gold rings in their right nostrils, with a piece of coral set in them (c) and this earring or jewel was

**of half a shekel weight**; which was eighty barley corns, for a whole shekel weighed one hundred and sixty. The Targum of Jonathan is, "the weight of a drachma, which was the half of a didrachma or common shekel:"

**and two bracelets for her hands, of ten shekels weight of gold**; a shekel of gold, according to Calmet (d), was worth eighteen shillings and three pence of English money, so that ten of them amount to nine pounds two shillings and six pence; according to Waserus (e), these made twenty Hungarian pieces of gold, which were worth upwards of ninety pounds of Swiss money. A handsome present this was, and suitable to a virgin. Jarchi and Jonathan allegorize the two bracelets of the two tables of the law, and the ten shekels of the ten commands on them.

**Israeli new sheqels to South African rand today**.
Convert ILS to ZAR at the real exchange rate. Amount. ILS. Converted to. ZAR. ₪1.000 ILS = R4.746 ZAR.

**Matthéüs 25:1** Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.



**What kind of oil is used in the Bible for lamps?**

The Lord commanded the children of Israel anciently to use "pure oil olive beaten for the light, to cause the lamps to burn continually" (Leviticus 24:2). According to The Guide to the Scriptures, olive oil is a symbol of purity and of the presence and influence of the Holy Ghost

The most common fuel used for lamps at the time of the Bible was olive oil. The olive is an evergreen tree that grows up to 8 meters high and can live for many years. Some olive trees on the Mount of Olives in Jerusalem are thought to be as old as 1500 years.

--o0o-